Tema: Hoe vas is jy aan Christus? Bind jouself styf vas aan Hom sodat jy nie wegdryf nie!

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 33-1: 1, 2, 6
Lied 486: 1, 4

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 34-1: 2, 6 (Tweede mel)
VotumPsalm 119:89–93
89U woord, Here, staan vir altyd vas in die hemel. 90U trou is van geslag tot geslag;
U het die aarde gemaak, en dit staan vas. 91Ja, wat U bepaal het, staan vandag nog
vas, alles is aan U onderworpe. 92As ek my nie in u wet verlustig het nie,
het ek omgekom in my ellende. 93Ek sal u bevele nooit verontagsaam nie,
want deur hulle het U my in die lewe gehou.

Seën
Sing Ps. 110-3: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis: NGB Art 7

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Rom. 13: 8 – 14
Sing Ps. 81-1: 1, 9, 10
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Hebreërs 1: 1 - 2: 4
Teksverse: Heb. 2: 1 -3a
Sing Ps. 119-2: 8, 14 (Kleuterbediening)
Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Liefdegawes vandag vir Diakonie (Groot boks) en by die deur vir die Teologiese studentekas (klein boks)
Sing Sb. 15-7: 1, 4, 5
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Onthou julle nog hoe kragtig is ons Here Jesus Christus in verse 1 tot 4 aan ons voorgestel? Ons het gehoor dat God met ons wil kommunikeer! Hoe Hy vandag met ons praat deur Christus as God se laaste en belangrikste boodskap aan die wêreld? Dat daar geen ander of nuwe of beter boodskap is as Jesus Christus nie!

En onthou julle nog hoe ongelooflik groot en wonderlik Christus as God se boodskapper is? Daardie aangrypende agtvoudige beskrywing van Jesus in verse 1 tot 4. Hoe die skrywer Jesus soos ŉ groot diamant aan ons voorgehou het wat skitter met agtvoudige vlakke van heerlikheid en grootheid?
Dit het ons aangegryp en ons was met verwondering vervul!

Vanmore waarsku ons Vader ons dringend dat ons moet seker maak dat ons styf vas is aan Christus as God se boodskap en Boodskapper! Dat ons ons volle aandag gee aan die boodskap en die Boodskapper! Die Here waarsku ons: Gee aandag aan wat jy gehoor het! Moenie dat iets jou aandag aftrek nie! Daar is ‘n groot risiko aan verbonde indien jy jou aandag verslap! Jy kan bv. sommer so ongemerk stadig “wegdryf” soos ‘n boot sonder ‘n anker! As jy weer sien is jy ver weg van die Boodskapper en dan gaan die boodskap verlore met baie slegte langtermyn gevolge vir jou!

Daarom vra ons Vader vanmore vir jou: Hoe vas is jy aan Christus? En Hy moedig jou dringend aan: Maak jouself styf vas aan Christus sodat jy nie in die geloof wegdryf nie want dit het baie slegte gevolge! Dit is die boodskap vandag!

1. Ons gaan in die eeste plek kyk hoe dit gebeur dat ons kan wegdryf in die geloof.
2. In die tweede plek gaan ons hoor watter negatiewe gevolge daar kan wees van so ŉ wegdryf in die geloof.
3. En in die derde plek wil die Here ons leer hou ons kan voorkom dat ons wegdryf.

Ek wil graag die boodskap vanmore vir ons kinders en jongmense met hierdie kort video tuisbring! Kom ons kyk en luister fyn na die dialoog in die videogrepie.
(Vertoon video)

Dit is hoe ŉ mens in die geloof kan wegdryf! Die woord “wegdryf” wat hier gebruik word wil die klem laat val op iets wat *ongemerk en stadig* gebeur. Die boot se ankertou glip as’t ware los en niemand kom agter dat dit besig om weg te dryf nie. As jy weer sien is die boot weg van die ankerplek in dryf dit met die stroom weg!
Wys skyfies 1 en 2
Of soos ŉ ring wat van jou vinger af glip en wegraak! Hoe baie het dit nie al met ons gebeur nie! Ek was besig om skottelgoed te was of om dalk in die see te swem en toe

ek weer sien is my ring weg. Nie met opset weggegooi nie – sommer net so afgeglip en weggeraak!

Hoe gebeur dit met ons geloofslewe? Hoe dryf ons sommer so weg? Soos die man in die bootjie gesê het: ons raak moeg om teen die stroom te roei! Ons raak moeg in die geloof en hou om op om in die regte rigting te roei - om na Christus toe te roei!
Dit is ook wat met die gelowiges daar in Rome gebeur het aan wie die Hebreërspreek geskrywe is. In hf 4 waarsku die skrywer dat hulle "end-uit moet volhard" en keer dat iemamd agter raak! In hf 12 praat hy van die lesers se moeë bene en arms, maar dat hulle moet volhard in die wedloop! Ons raak moeg om teen die Satan en teen die wêreld se sondige begeertes te veg! Ons hou op roei – en dan dryf ons weg!

Ons raak lui om hard te werk aan ons geloofskennis! Ek glo mos nou en wat ek weet, is genoeg! Ek hoef nie meer te weet nie! Ons wil net melkkossies hê en het nie lus vir vaste kos nie en diepgaande geloofsdinge nie! Ons lees daarvan in Heb 6.

Ons haal ons oog van Jesus Christus af! Ons dink dat dit waarin ons glo, nie meer regtig ŉ verskil aan ons lewe kan maak nie! Dit is wat die skrywer in vers 3 bedoel! Om die boodskap van Jesus Christus te "verontagsaam" is om te dink dat dit nie meer geldig is nie! Miskien is daar êrens iets beters!
En nou begin ek my fokus verloor! Christus en die Woord vorm nie meer die kern van my lewe nie! Die kerklike lewe word eenkant toe geskuif want of ek dink dat dit nie meer belangrik is nie en maak soos die gelowiges in Rome deur weg te bly van die samekomste van die gemeente! Of ek dink net eenvoudig daar is ander dinge van meer belang waaraan ek my aandag moet gee!

So geliefde gemeente, glip die ankertou los en begin die bootjie wegdryf.
Dis nie dat ek nou skielik teen God of die kerk of die Bybel is nie, dis nie asof ek ongelowig is nie! Ek glo nog! Dit is net nie meer die fokus van my lewe nie! Ek gee nie meer die nodige aandag daaraan nie.

Kom ons kyk in die tweede plek wat die slegte gevolge is wanneer ŉ gelowige so wegdryf in haar of sy geloof.

Hierdie metafoor van "wegdryf" het inherent ŉ mooi toepassing oor die gevolge daarvan. Kom ons sê: Jesus Christus is die veilige hawe waar jy vas en veilig geanker kan wees in die lewe! Maar as die ankertou losraak en die boot begin wegdryf dan bestaan die gevaar dat daardie bootjie op die rotse kan beland!
En gewoonlik is daar ligtorings langs die kus om die bote te waarsku teen gevaarlike plekke!
Wys skyfies 3 en 4

Geliefdes, hierdie dringende waarskuwing om nie weg te dryf nie, is soos die helder lig van ŉ vuurtoring wat waarsku: jy is naby aan ŉ gevaarlike plek waar jou geloofslewe op die rotse kan beland!

Die skrywer gebruik weer die grootheid van Jesus as God se boodskap en Boodskapper om sy punt tuis te bring! Hy verwys na die belangrike rol wat engele in die verlede gespeel het om God se boodskappe vir mense te bring! En alles wat God deur die engele gesê het, het waar geword! Toe God mense deur engele gewaarsku het dat God hulle gaan straf as hulle ongehoorsaam was, het dit gebeur! God het hulle gestraf!

Dink bv aan die boodskap van 3 engele aan Abraham in Gen. 18 wat gesê het dat die Here Sodom gaan straf oor hulle sonde en dit het gebeur! Sodaom is met swael en vuur verwoes! Of toe die Here die in Lukas 1 die engel Gabriel gestuur het om aan Sagaria te sê dat hy en Elisabet ŉ kind sal hê en omdat Sagaria nie die engel wou glo nie, het hy vir ŉ tydperk stom geword!

Nou sê die Hebreerskrywer: as God die boodskappe wat Hy deur engele gestuur het, laat gebeur het, goeveel te meer sal die boodskap wat God deur sy grootste Boodskapper Jesus Christus stuur, dan nie waar word nie! Jy kan nie waag om nie na Hom te luister nie! As jy Jesus Christus en sy boodskap van verlossing verontagsaam en nie daarna luister nie, gaan jy op die rotse beland! Jy sal dan op die dag dat Jesus terugkom nie die oordeel van God kan ontduik nie! En dan gaan dit te laat wees!

Daarom, brs en srs en liewe kinders, sien die waarskuwingslig van die vuurtoring raak! Kyk waar is jy in die geloof! Is jy nog vas aan Christus of het jy ook al so ongemerk weggedryf dat jy soos die man in die video alleen in die middel van die oseaan is, maar jy dink: alles is nog OK! As jy die waarskuwingslig van die ligtoring ignoreer is jy regtig in die moeilikheid!

Jesus is God se laaste en finale boodskap en Boodskapper! Hy is die heerlike en magtige Verlosser en Hy het juis aarde toe gekom om vir ons God se boodskap van verlossing te laat gebeur! Hy is die Here en jou Redder! Daar is geen ander boodskap en geen ander manier om verlos te word en die ewige lewe te ontvang nie! Jesus Christus alleen!

Die skrywer beklemtoon hierdie waarheid in vers 3. Jesus is die “bron” van die verlossing! Hy het dit kom aankondig! Mense het in Hom geglo en hulle het dit weer vir die leser kom vertel en hulle het dit geglo! Nou moet hulle styf daaraan vashou!
Daarom:
Maak jou styf vas aan Hom! Kom ons kyk in die derde plek hoe ons ons aan Jesus kan vasmaak! Die skrywer gebruik in vers 1 die woorde: “kragtiger vasgryp”! Ek en jy moet alles in ons vermoë doen om onsself as’t ware in Jesus as die anker was te bind!

Ek moenie toelaat dat iets my fokus of my aandag aftrek nie! Ek moet nie vir ŉ oomblik verslap of my greep laat gaan nie! Ek moet met al my mag aan Jesus vasgryp!

Hoe maak ek my styf vas? Deur die geloof en die krag wat die God die Heilige Gees aan my gee! Hy het die geloof in my hart kom vasmaak en ek moet deur Hom styf vashou! Ek moet die Gees van God in my laat werk met kragtige daad en gawe van geloof soos Hy dit aan my gee.

Brs en srs, wanneer die Hebreërsskrywer verwys na die gawes van die Gees dan moet ons nie hier dink aan die gaws van die Gees soos Paulus daarna verwys in Romeine 12 en 1 Kor 12 nie. Wanneer die Hebreerskrywer na die gawe van die Gees verwys dan verwys hy na die werk van die Heilige Gees om die geloof in my hart te vestig en vas te maak!

Ons lees daarvan in Heb. 6: 4 en 5. Daar staan: [4]Wanneer mense een keer deur God verlig is, die hemelse gawe ontvang en deel gekry het aan die Heilige Gees, [5]die goeie woord van God leer ken het en die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het, en dan nogtans afvallig word.....". Die Heilige Gees gee aan ons die gawe van geloof en Hy laat ons deel kry aan Christus en al sy ongelooflike kragte!

Wat beteken dit dan eenvoudig? Maak jou vas aan Christus deur na die Heilige Gees te luister! Hy praat deur die Bybel en leer jou wat reg en verkeerd is! Eenvoudig gesê: maak erns om jou Bybel te lees en te glo wat die Heilige Gees vir jou sê! Wees ernstig oor jou persoonlike tyd met God! Moenie toelaat dat jou besige program jou tyd met God en sy Woord steel nie! Dis hoe ek myself vasmaak: Deur die ou, ou waarheid: wy jou toe aan God in sy Woord! Volhard daarmee!

Paulus waarsky ons in Efes 4: 10: Moenie die Heiilge Gees bedroef nie! Hoe bedroef ek hom? Deur weg te dryf! Deur nie meer te fokus nie! Deur toe te laat dat geloofsmoegheid my oorval! Deur nie meer oortuig te wees van wat God vir my in die Bybel sê nie! Deur teen my gewete in, te bly sondig en nie die sonde te oorwin nie! Deur my belange bo Christus te stel!

Moenie toelaat dat Satan jou daartoe verlei nie! Maak besliste keuses in jou lewe waarin jy Jesus eerste stel!

Die tweede manier waarmee ek myself vasmaak is gebed! Gebed is die manier waarop ons die Heilige Gees in ons lewe laat werk! Paulus sê dit in Efes 6: 10: Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees"! Die Gees werk deur my gebede! Deur te bid en te vra om krag, lig en leiding! En God die Gees sal dit vir jou gee! Dit was en is Jesus se belofte!

Dis hoe ek en jy ons styf vasmaak aan Christus! (Wys skyfie 5). Sien julle? Die bootjie is sommer met twee toue vasgebind! Wyse skyfie 6 Twee toue: Bybel en gebed!

Geliefde br en sr en liewe kind: Hoe vas is jy nog aan Christus? Kyk mooi of jy nie al begin wegdryf het nie! Vandag se boodskap is soos die ligtoring wat my waarsku! Maak jouself styf vas aan Christus sodat jy nie op die rotse beland nie!

Amen